SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Limpopo

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

☎ 012 436 0900 / 086 072 6843 086 670 3795 saoulim@saou.co.za www.saou.co.za

22 April 2015

NUUS IN DIE BRANDING 9 / 2015

PROTESOPTOGTE – 23 & 28 APRIL 2015
PROTEST ACTION – 23 & 28 APRIL 2015

Die SAOU (Limpopo) wil hiermee graag die lede inlig rakende die beplande protesoptogte in die provinsie op genoemde twee dae. COSATU vakbonde het aangedui dat hulle hulle lede aangeraai het om die strate in te vaar om protes aan te teken teen die aanbod van die Staat rakende salaris - en ander voordele se aanpassings. Al is dit nie 'n stakingsoptog nie, gaan deelnemers aan hierdie optogte nie by hulle onderskeie werkplekke wees nie.

Die SAOU (Limpopo) gaan nie deelneem aan hierdie optogte nie en raai ook lede aan om hulle te weerhou daarvan om die strate in te vaar, omdat hierdie optrede onbeskermd geag word en deelnemers daaraan hulleself blootstel aan dissiplinêre prosesse wat kan aanleiding gee tot aflegging/ afdanking deur die werkgewer.

SAOU (Limpopo) raai hoofde en skoolbesture aan om toe te sien dat onderwysers sowel as leerders beskermd sal wees deur pro-aktief planne in plek te stel om dit te bewerkstellig. Die plaaslike polisie moet genader word om verhoogde sigbaarheid te verseker rondom veral skole waar daar min of geen lede van COSATU vakbonde werksaam is nie. SAOU lede moet hulle weerhou daarvan om in skermutselings of verbale konfrontasies betrokke te raak met persone wat deelneem aan hierdie protesoptogte, al word hulle uitgelok.

Daar sal binnekort 'n Nasionale Nuusbrief uitgaan na lede rakende opnames oor deelname aan stakings wat mag volg.

The SAOU (Limpopo) want to alert members with regard to the planned protest actions in the province. COSATU has indicated that they have mobilized their members to take to the streets on the dates indicated above to verbalise their dissatisfaction with the offer of the State regarding salary- and other benefits adjustments. Even though this is not an actual strike action, participants will not be at their respective workplaces on those days.

The SAOU (Limpopo) will not take part in these protest actions and want to require from members to refrain from going to the streets, because this action is unprotected and participants make themselves vulnerable to disciplinary actions which might lead to suspensions/dismissals by the employer.

SAOU (Limpopo) advise principals and school management teams to ensure the safety of their educators and learners by being pro-active. The local police must be approached to ensure higher visibility at schools where there are few or no employees of COSATU unions.

Voorsitter/Chairperson : Mnr/Mr Albert Swaters
Provinsiale Sekretaris/Provincial Secretary: Me/Ms Wilma Henn
Voltydse Vakbondverteenwoordiger/Fulltime Shop Steward: Mnr/Mr Antoon Coetzee
Reg No: LR2/6/2/531

Ondervoorsitter/Vice Chairperson: Mnr/Mr Louis Linde
Sekretaresse/Secretary : Me/Ms Ohnie Ferreira

FEDUSA

SAOU members must refrain from entering into any altercations, physical or verbal, with any protestor, however much provoked.

A National Newsletter will soon be distributed to all members with regard to a survey about participation in strike action later on.